'n Kwessie van geloof

Brood vir my broer / Wanneer huis kerk word

Nuwe wyn, noem talle dit. Groot gemeentes word verruil vir intieme groepe gelowiges wat tuis byeenkom. Die nagmaaltafel maak plek vir brood breek om die kombuistafel. Sondagdeure word 'n deurlose verhouding met God. En met ander. Huis het kerk geword.

Deur Dawid Brand

Ek moet bieg. Ek was 'n Sondagmens. Gaan sit, gesing, geluister, gegaan. Punt. Tog het 'n smagting na meer – om God prakties saam met dié langs my te leer ken en te lééf – al groter geword. Maar die anonimiteit van 'n groot gemeente was 'n veilige vesting. Die idee van 'n huiskerk vreemd. Ons is nou tien maande deel van 'n huiskerk. 'n Handjievol mense wat saam smag. En ons saam by God se voete tuismaak. Een bring 'n lied. 'n Ander 'n vers (1 Kor 14:26). Kerk toe *gaan* het plek gemaak vir kerk ~~-~~*wees*. Hoe meer ek nalees, hoe meer besef ek daar is duisende soos ek wêreldwyd wat terughunker na die eenvoud van die Handelingekerk. Sommige bly deel van 'n gemeente en vorm in die week deel van 'n huiskerk. Ander verruil die kerkbanke vir goed vir 'n intieme pad saam met medegelowiges.

WARE GEMEENSKAP, BETROKKENHEID

Volgens ds. Johann Symington, redakteur van die *Kerkbode* en NG-predikant, skiet huiskerke veral op in lande waar die vrye beoefening van die Christelike geloof nie moontlik of maklik is nie. "China, Indië en selfs Korea is goeie voorbeelde. In lande waar die kerkstrukture swaar geraak het en die kerk meer as 'n formele instelling bedryf word, waar struktuur oorheers en vrye deelname beperk is tot die priesterklas, het huiskerke begin floreer. Suid-Amerika is 'n goeie voorbeeld hiervan."

Volgens dr. Tom Gouws, akademikus~~oud onderwyser~~, skrywer en deel van die onafhanklike kerkbeweging ~~ElijahAfrica,~~ maak die informele kerk (buite denominasie) tans bykans 55% van die wêreldwye geloofswêreld uit. "Hiervan is huisgemeentes tans 'n baie groot deel. Omgeegroepe, selgemeentes in 'n gemeente en selfs selkerke is in 'n sin maar net klonings van die oorspronklike huiskerkbeweging, wat die oorspronklike vorm van gemeentewees in die vroeë Nuwe-Testamentiese kerk was. Die huiskerk is volledig kerk sonder denominasionele beheer."

Volgens Symington groei huiskerke vinnig waar die persepsie bestaan dat daar in ~~'n~~'n gemeente niks gebeur nie en al die energie en bronne op die restourasie en instandhouding van die gemeente bestee word. "Byvoorbeeld in Nederland. Die verskynsel groei ook vinniger in Suid-Afrika as wat ons besef. Die tradisionele kerke het dikwels so rigied, formeel en georganiseerd geraak, dat al hoe meer mense in die samelewing wat na egtheid, innigheid, ware gemeenskap en aktiewe betrokkenheid soek, dit nie meer daar kry nie en dus hulle eie kerk in die huis begin."

Dr. Stephan Joubert, stigter van die e-kerk, het onlangs in 'n artikel opgemerk oor die "drie goor G's" wat so belangrik vir baie kerke geword het: geboue, getalle en geld. "Dít was nie aan die begin deel van kerkwees nie. Die kerkgebou, sê Joubert, is net die gim.

Die speelveld is die lewe daarbuite. En dis nie genoeg om net te gim en nooit op die speelveld te kom nie."

BOODSKAPPERS WORD DIE BOODSKAP

Dr. Nelus Niemandt, moderator van die NG Kerk se Hoëveld-sinode, merk in dieselfde artikel op dat in die ontluikende kerk (soos die huiskerk) se DNS is geboue, denominasie, status en hiërargie onbelangrik. "Die mense is post-denominasioneel. 'n Koninkryksteologie is deel van dié beweging se DNS. Jesus is hoof van die kerk. Daar is nie hiërargieë nie en leiers beklee nie hoë ampte nie. Dit gaan oor mense, nie oor geboue nie. Geboue is bloot toevallige plekke vir ontmoetings. Hulle werk ook graag in klein groepe waar jy innige verhoudings kan hê. Hulle sal eerder verdeel en nóg 'n groep stig as om te groot te raak."

Volgens Joubert is rolle en status belangrik in 'n institusie, terwyl verhoudings in 'n beweging koning kraai. "Die boodskappers word self die boodskap. Hulle is die persoonlike beliggaming van lewensverhale wat oorvertel word.

"In die ontluikende kerk is mense intens bewus van die misterie van God en kom hulle weg van 'n 'makgemaakte God'. Die ontluikende kerke maak ook baie van antieke geloofspraktyke gebruik, soos die gedissiplineerde deurlees van die Bybel, 'n gedissiplineerde gebedslewe en Christelike meditasie. Dit is 'n grondvlakbeweging weg van steriele dogmas," meen Joubert en Niemandt.

Hanno Pienaar is 'n voormalige NG-predikant wat hom nou as deel van ElijahAfrica in 'n apostoliese hoedanigheid voltyds toespits op huiskerke. Volgens Pienaar is daar agtien huiskerke wat deel van die Elijah-netwerk vorm. Hy meen daar is verskeie redes waarom mense deel van huiskerke vorm.

"Dit sluit in 'n ernstige soeke na die wil van God en Sy bloudruk vir die kerk op aarde; 'n behoefte om op 'n nouer vlak van persoonlike kontak en afhanklikheid met God en ander gelowiges te wees; 'n geleentheid om prakties meer betrokke te wees in 'n intieme verhouding met God en ander gelowiges; dit is 'n plek om die gawes wat Jesus aan die kerk gee in 'n veilige omgewing te beoefen en te oefen; en dit bied 'n geestelike familie, met die ruimte vir die Heilige Gees om soewerein te werk sonder manipulasie en beheer van strukture en organisasie."

INTIEME VERHOUDING MET ANDER

Dit is juis dié soeke wat Charles de Kock en sy gesin van Potchefstroom na 'n huiskerk gelei het. "Ons het 'n soeke na die waarheid gehad; om God se stem te hoor. Ons grootste soeke was na ons roeping en skeppingsdoel. Om daarin te begin stap. Ons het om elke hoek en draai gevind dat ons rusbank-Christene geword het. Ons het lui geword en God met 'n afstandbeheerder van die rusbank af probeer dien wanneer ons lus is en wanneer dit ons pas. Alles het deur iemand na ons toe gekom."

Volgens Charles moes hulle eers terugkeer na die kern. Na gesinwees. "God het ons paaie toe spontaan met soortgelyke gesinne laat kruis. Gesinne wat gesinwees verstaan, God se stem hoor en hulself daarvolgens rig. Ons is 'n uiteenlopende spektrum van ouderdomsgroepe wat weekliks byeenkom. Die groepering het sy apostels, profete, leraars en herders. Evangeliste is ons seker maar almal. Daar is ook ouderlinge in plek. Ons het 'n gesamentlike bankrekening waarin die maandelikse tiendes gestort word en vanuit hierdie rekening word die liggaam versorg en voorsien. Ons het ook 'n

groentetuinprojek. Om familie in Jesus te wees, beteken dat ons ook vir mekaar moet kan sorg. Die groentetuinprojek beeld dit praktiese uit. Die wonder van die groentetuine lê in die feit dat huisgesinne en gesinslede spesiale tyd rondom die groente geniet. Kennis word uitgeruil en daar het ’n spontane honger na gesonde leefwyses ontstaan.”

Susan Lombaard, ’n kommunikasiepraktisyn by ’n mediese skema in Pretoria, en haar gesin is deel van Doxa Deo, ’n baie groot gemeente met duisende lidmate in Pretoria en ook in ’n klomp stede regoor die land en in Londen. “Ter wille daarvan om die gemeente steeds persoonlik te hou en dat mense mekaar kan ken, word dit opgedeel in kleiner kampusse wat op verskillende plekke in die stad by mekaar kom. Ons is in die Suidkampus (Centurion-kampus) en ook deel van ’n groep wat Woensdagaande by iemand se huis bymekaar kom. Ons is ’n klomp egpare wat almal klein kinders het, en dis vir ons belangrik dat die kinders deel vorm van die byeenkomste sodat hulle grootword daarmee.”

Volgens Susan is dit hier waar hulle mekaar bedien, verhoudings bou, mekaar ondersteun, saam deur kwessies stoei, die Bybel bestudeer, by mekaar leer en mekaar ook met hul gawes bedien. Kerk soos die Bybel beskryf. “Ons is regtig baie na aan mekaar en deel mekaar se lewens op ’n breër basis as net Woensdagaande. As iemand verhuis of ’n nuwe baba in die huis het, help almal om vir kos te sorg of ander praktiese goed te doen.”

Volgens Charles het hul huiskerkbyeenkomste ook nie ’n vaste struktuur nie. “Ons beleef dat elkeen slegs sy verhouding wat hy of sy met Vader het en dit wat daaruit voortvloei, tafel toe hoef te bring. Sodoende skep ons as’t ware van mekaar se bord kos terwyl Vader die Meesterkok is. Ons het keer op keer gevind dat die Meesterkok Sy eie sorgvuldig voorbereide manna uitdeel. Dit is dan ’n feesmaal om te weet dat Vader se hart in ons midde bevestig word.”

VRYE VLOEI VAN HEILIGE GEES

Susan voel mense wat oorbeweeg na huiskerke en minder tradisionele kerke is moeg vir stry en redeneer; moeg vir politiek; moeg vir kerkrade; moeg vir teologie. Hulle wil God net dien, punt. En hulle wil op ’n plek wees waar daar ’n vrye vloei van die Heilige Gees en van die gawes is.

“Ons kuier saam, is lief vir mekaar, deel ons goed met mekaar. As een nood het, spring almal in en maak ’n plan. Ons gebruik ons gawes en hou mekaar aanspreeklik oor hoe dit met ons persoonlike stiltetyd gaan, met ons huwelike, met ons finansies. Ons bid vir mekaar wanneer ons sê ons gaan dit doen. Ons profeteer oor mekaar se lewens en wys mekaar tereg wanneer dit nodig is. Ons reik ook uit waar daar nood is buite ons groep of kerk. Ons probeer om oop te wees vir hoe die Heilige Gees ons lei – soms sal ons die hele aand lank *worship*, soms net bid, soms stoei deur iets in die Woord, soms baie tyd bestee om iemand wat deur ’n krisis gaan, te bedien,” sê Susan.

Marie Malan, ’n operasionele navorser van Kaapstad, vertel dat sy heelwat in die kerk geleer het, maar al meer gefrustreerd geraak het met haar geloofslewe wat gefokus was op kennis, Sondae kerk toe gaan en persoonlike stiltetyd. “Ek het gesmag na iets meer. Soos baie mense vandag is ek honger vir gemeenskap en verhoudings. Daarom het ek deel geword van ’n huiskerk bestaande uit gelowiges van uiteenlopende kerkagtergronde. Die tradisionele kerk vind dikwels uitdrukking in ’n Sondag- en gebougedrewe fokus. ’n Huiskerk is egter ’n klein, eenvoudige uitdrukking wat makliker in enige land of kultuur gereproduseer kan word.

“Huiskerk gee ’n mens die geleentheid om deel te wees en by te dra, jou gawes te gebruik om ander te dien in plaas van passief wees en fokus op ontvang. ’n Huiskerk gaan oor verhoudings. Dis mense wat lief is vir Jesus, *committed* is aan Hom en Jesus saam wil lééf. Dit is gewone mense wat God saam wil aanbid en mekaar se vreugdes en laste dra, saam groei en na ander uitreik ~~na ander~~. Saam kuier, eet en bid. ’n Familie,” vertel Marie.
Sy voeg by dat in ons Westerse kultuur waar individualisme so belangrik is, is dit ’n groot kopskuif om te maak. “In ’n formele kerk is ’n mens dikwels net ’n verbruiker: luister na die preek, woon die program by. In ’n huiskerk is dit nodig om mekaar aan te moedig om jou gawes te ontdek en te gebruik om ander mense te bedien.”

WOORD DIE ENIGSTE WAARHEID

Tog hou ’n hegte groep soos ’n huiskerk ook heelwat uitdagings in. Volgens Susan moet enige kerk (nie net ’n huiskerk of ontradisionele kerk nie) baie versigtig wees om nie van die Woord af te wyk nie. “Alles moet aan die Woord getoets en gemeet word. Nog ’n besliste gevaar is ’n hooghartige houding teenoor denominasies. Omdat baie van ons van daar af kom en ongelukkig soms baie seergekry het, kyk ons maklik teen ons neuse af. ’n Mens voel maklik jy het ‘arrive’, jy verstaan dinge wat ander nog nie verstaan nie. En dis so verkeerd, want dis ’n liefdelose houding. En ons het beslis ook nie alles reg nie!”
Susan voeg by daar is ook uitdagings in terme van vriende en familie wat soms vreemde goed dink, soos dat ’n mens deel is van ’n sekte of dat jy dwallere glo! “Ons is baie streng dat ons alles aan die Skrif toets. Ons is ingelig en krities en glo nie sommer alles wat gesê word nie.”
Hanno meen die grootste gevare is mense wat nie die hoofskap van Jesus Christus verstaan nie, mense wat die hoofskap van Jesus Christus ondermyn, en indien die gemeente nie in verhouding met ander gemeentes staan en aan mekaar en aan Christus onderwerp nie.
Volgens Hanno het Jesus voordat Hy opgevaar het hemel toe die bloudruk vir die kerk in Efesiërs 4 gegee. “Binne die huisgemeente kry die vyfvoudige bediening (apostels, profete, evangeliste, herders en leraars) gestalte, sodat die heiliges vir hulle dienswerk toegerus word en die liggaam van Christus opgebou kan word. Dit is dus die eerste taak van die huisgemeente om gelowiges se plek binne die vyfvoudige bediening vas te stel. Om hulle die geleentheid te gee om dit te beoefen en daarin te groei, sodat Christus binne die liggaam geopenbaar kan word.”
Hy meen die begin van die kerk lê in die geheimenis wat opgesluit is in die verhouding tussen man en vrou; die verbondsverhouding tussen die Vader en Abraham; tussen God en die mens; en meer prakties tussen Christus en die bruid. “Wanneer hierdie skuif voltooi is, kan die bruid en haar bruidegom weer soos aan die begin wees.”
En terwyl *“Op berge en in dale; ja, oral is my God!”* deur my gedagtes maal, hoor ek die smagting van duisende. Na Hom wie se deure altyd oopstaan. Na nuwe wyn in ’n nuwe sak. En om brood saam met ’n broer te breek.

(Kassie)

LEES GERUS

- *Starting a House Church – A new model for living out your faith* deur Larry Kreider & Floyd McClung.
- *Disciple* deur Juan Carlos Ortiz.

- *Revolutions - Finding vibrant faith beyond the walls of the sanctuary* deur George Barna.
- *The Church Comes Home* deur Robert & Julia Banks.
- *The Church in the House* deur Robert Fitts.
- *Houses that Change the World* deur Wolfgang Simson.
- *An Army of Ordinary People* deur Felicity Dale.
- *The Untold Story of the New Testament Church* en *Rethinking the Wineskin* deur Frank Viola.
- *House Church and Mission* deur Roger Gehring.
- *God's Pattern Church* deur Hope Ovwah.
- *www.elijahafrica.com*

Formatted: English (U.S.)

Formatted: Bullets and Numbering

(Kassie)

WÊRELD VAN HUISKERKE

- Bangladesj – 500 000 deel van huiskerke.
- Kambodia – 1 000 huiskerke teen 2000 gestig.
- China – tussen 80 en 100 miljoen mense deel van huiskerke.
- Kuba – sowat 10 000 huiskerke.
- Egipte – sowat 4 000 huiskerke.
- Ethiopië – reeds sowat 50 000 mense deel van huiskerke in die tagtigerjare.
- Indië – sowat 100 000 huiskerke.
- Viëtnam – sowat 550 huiskerke teen 1999 opgerig.
- Latyns-Amerika – bykans 1 miljoen huiskerk-tipe groeperings.
- VSA – 1 300 huiskerke op internet alleen.

Bron: Wikipedia

Tekste vir agterin

- 1 Kor 14:26; 1 Kor 16:19
- Handelinge 1:13; Handelinge 2:38; Handelinge 2:42; Handelinge 20:20
- Kolossense 3:16; Kolossense 4:15
- Hebreërs 10:24-25
- Romeine 16:5
- Filemon 1:2